sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING A LEESBEGRIP

In hierdie afdeling:

- Word spelling nie gemerk nie
- Word taalfoute nie gepenaliseer nie
- Word Engelse woorde geïgnoreer

### VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

1.1 Hulle gaan vir haar 'n prostese (kunsbeen) kry/geld insamel vir 'n prostese (kunsbeen).

1.2 "in 'n strik getrap"

1.3 Hy werk vir SAACA en sal dalk kan help/hy is 'n groot diereliefhebber.
Liz = SAACA se beskermvrou / Hy is die hoof van die kankervereniging.

1.4 "... sukkel Driepoot om die eenvoudigste dag-tot-dag-oorlewingsaktiwiteite te doen."/"... sy nie op 'n normale manier kan eet nie"/" ... sy kan ook nie afbuk om water te drink nie."

1.5 Onwaar "Sy bly saam met haar ma en sussie in die Tholo-ekoreservaat."

1.6 Sy kan nie op 'n normale manier eet nie.

1.7 Sy sal dan volgroei wees en dit sal nie nodig wees om 'n groter prostese te maak nie.

1.8 mikpunt

1.9 Sy is nog jonk/dit laat mense simpatie met haar hê.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 ADVERTENSIE

2.1 "jaarlikse"

2.2 Op 'n webtuiste/op 'n YouTube kanaal/ Op die web/webblad/ www.netwerk24.com/Netwerk 24
(Enige 2)

2.3 "gratis"

2.4 As hulle iets oor die vak wil vra as hulle baie oor matriek stres. (in eie woorde)

2.5 Kan-doen-houding / ek kan dit doen / jy kan dit doen / kan doen manier

2.6 Onwaar "Kuier Winterskool" / Voorheen bekend

2.7 Hulle het baie ondervinding/hulle het al matrieks gehad/hulle weet wat om te verwag van die eindeksamen/hulle het baie kennis van hul vak.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 SPOTPRENT

3.1 Hy kyk na Persoon B./Sy kop/lyf is na Persoon B gedraai. (nie koop)

3.2 Volgens die spraakborrel het hy nie een A/B/C-simbole gekry nie./Hy het net simbole laer as C gekry / sleg gedoen / nie goeie punte gekry nie

3.3 3.3.1 vreugde/blydskap/verligting/tevrede/vrolik
(Enige emosie)

3.3.2 Sy mond is wawyd oop/mens kan sy tande sien

3.4 das, broek, hemp, skoolbaadjie, skoolskoene (Enige twee)
Moet kledingstukke wees: so nie skoolklere / tas / sal nie.

3.5 3.5.1 Haar ma/familielid/vriendin/ouer
(Enige een)

3.5.2 Haar hande is in die lug./Haar arms is op.

3.6 Hy glimlag

3.7 Sy hand is in sy sak. Dit is in sy broek.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4

### Assessering:

- Punte moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- Laat 'n reël oop tussen punte.
- Elke sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt moet twee feite bevat. Elke punt tel twee punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde en/of infinitief kan gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf punte korrek is, behaal die leerder 10 uit 10.
- Kandidate mag een of twee sinne per feit neerskryf.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie.
- **Taalfoute word nie gepenaliseer nie**. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus minus 2½ in totaal.
- Minus 1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui.
- Minus 1 as leerder minder as 60 woorde of meer as 80 woorde skryf.
- Sluit *'n* en *die* in by die woordtelling.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Maak 'n Google-rekening oop | sodat jy Google se produkte kan gebruik. |
| 2. | Spandeer tyd om jou kanaal goed te laat lyk | dan sal mense daarop inteken/van jou video's hou/sal beïndruk wees. |
| 3. | Laai gereeld video's op | en kies die "Public" opsie sodat almal dit kan sien. |
| 4. | Jy moet geldige videoformate gebruik | anders sal YouTube dit blokkeer./stop. |
| 5. | Gebruik YouTube se aanlyn videoredigeerder | om interessante video's te maak/om jou video's goed te laat lyk. |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING C POËSIE

- Spelling van letterkundige terminologie moet so akkuraat as moontlik wees.
- Engelse woorde word nie aanvaar nie.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie.

### VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

5.1 In 'n woonstelblok/woonstel/kamer in 'n stad (Enige een)

5.2 Dit wys dat die spreker elke Sondagaand depressief is/mense voel elke Sondagaand depressief voor die week begin.

5.3 personifikasie

5.4 Die spreker se negatiewe gevoelens/angs/depressie/melancholie op 'n Sondagaand.

5.5 5.5.1 Letterlik: dit is aand/nag – so dit is donker. Daar is nie lig nie.

5.5.2 Figuurlik: Die spreker het negatiewe/depressiewe gedagtes.

5.6 herhaling/repetisie

5.7 alliterasie/assonansie

5.8 "skerp oë"

5.9 Die mense wat in die woonstelle bly/almal wat op 'n Sondagaand depressief is. Die spreker

### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

6.1 6.1.1 Vraagteken.

6.1.2 Die spreker is op soek na liefde, maar het dit nog nie gekry nie. Dis nog 'n onbekende.

6.2 Vergelyking.

6.3 plekke: swartbors/straatkoek/hart

6.4 Elke keer as die spreker 'n kans kry, dink sy aan die persoon/dink sy aan die liefde.

Dit kom op in haar gedagtes sonder dat sy doelbewus daaraan dink.

6.5 miskien & dalk

6.6 Die spreker besef dat liefde ook pyn/hartseer kan bring.

6.7 Dit beklemtoon die feit dat die geliefde se naam nog onbekend is/dat die persoon nie weet of die ander persoon ook so voel nie. Die eerste ding waaraan sy dink.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

7.1 C

7.2 "net"

7.3 Die spreker wil die goeie tye/gelukkige tye vir almal wys.

7.4 wat in die wind wapper/van 'n wit watte wolkhemel
(Enige een)

7.5 eufories/gelukkig/of sy in die hemel is/bly/positief/optimisties

7.6 "Ek wou" / Ek was bang

7.7 hiperbool

7.8 Die skrywer van The Power of Positive Thinking.

7.9 Sy is nie meer gelukkig nie/sy het probeer om gelukkig te wees, maar gaan nie meer probeer nie.

7.10 melancholies/desperaat/hartseer/depressief/negatief

IEB Copyright © 2023

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- **In hierdie afdeling moet die taalreëls akkuraat toegepas word.**
- **Kandidate word vir taalfoute gepenaliseer.**
- **Spelling tel in Vraag 8.**
- **Geen halfpunte word in Vraag 8 toegeken nie.**

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Volgende jaar sal die man vir Stefan 'n kans WIL GEE om sukses te bereik
Volgende jaar gaan die man vir Stefan 'n kans WIL GEE om sukses te bereik.

8.2 Die seun van wie ek praat, is elf jaar oud.

8.3 Al is Stefan baie jonk, gaan hy 'n CD opneem.

Al gaan hy 'n CD opneem, is Stefan baie jonk.

8.4 Die man vra of hulle vir Stefan hoor sing het.

8.5 Nee, ek het nog nie vir Stefan hoor sing nie.

8.6 Vroeër het Stefan 'n baie groot droom gehad.

8.7 Stefan hoef nie 'n groot kontrak te teken nie.

8.8 'n CD sal binnekort deur Stefan by die platemaatskappy opgeneem word.

8.9 Dewald is 'n trotse pa omdat Stefan sy sangtalente gebruik.

8.10 Stefan sê: "Ek vul die kontrak noukeurig in."

8.11 Laas keer het Stefan 'n kontrak geteken toe het hy 'n CD gemaak.

8.12 Stefan gaan óf 'n besigheidsman óf 'n onderwyser word.

Nee, Stefan gaan nóg 'n besigheidsman nóg 'n onderwyser word.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | aan | ½ |
| 9.2 | opgewonde | ½ |
| 9.3 | maklik | ½ |
| 9.4 | soggens | ½ |
| 9.5 | halfvyf | ½ |
| 9.6 | veertig | ½ |
| 9.7 | atlete | ½ |
| 9.8 | splinternuwe | ½ |
| 9.9 | vetertjies | ½ |
| 9.10 | stywe | ½ |
| 9.11 | onmiddellik | ½ |
| 9.12 | asseblief | ½ |
| 9.13 | kokende | ½ |
| 9.14 | leen | ½ |
| 9.15 | meeste | ½ |
| 9.16 | minder | ½ |

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- 2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal
- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Leerders moet die vetgedrukte woorde in 'n reaksie/gevoel omskryf. *Vetgedrukte woorde mag nie in antwoord gebruik word nie.*
- Spelling word nie gepenaliseer nie, tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- Minus ½ per tipe taalfout per vraag (10.1/10.2 ...), tot 'n maksimum van 1 punt per vraag.
- Leerders mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan die leerder nog 'n punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste, maar geen aanhalingstekens of inleiding word verwag nie.
- Leerders moet by die voorgeskrewe woordtelling hou.
- Indien die woordtelling oorskry word, of te min is, is dit minus 'n halfpunt PER RESPONS. Geen grasie word meer toegelaat nie. Met ander woorde: as die woordtelling 15 tot 20 woorde is, is 21 reeds minus halfpunt, of 14 is ook reeds minus halfpunt.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woord toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.

10.1 Jippie! Ek kan nie wag om vir jou te wys wat ek gekoop het nie./Ek sien so daarna uit om vir jou te wys wat in die sakkie is.
Inhoud = 1 Taal = 1

10.2 Genade! /Liewe hemel Pamela! Dis die mooiste horlosie wat ek nog ooit gesien het. Baie dankie!
Inhoud = 1 Taal = 1

10.3 Ag nee man! Gee hier dat ek kyk! Die horlosie moes bruin wees, nie swart nie.
Inhoud = 1 Taal = 1

10.4 Toemaar, Pamela! Dis nie so erg nie. Kom ons gaan drink koffie en gesels dan verder hieroor.
Inhoud =1 Taal = 1

10.5 Los my net uit! Jy is altyd so as ek iets spesiaals vir jou probeer doen.
Inhoud = 1 Taal = 1

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023